



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

GEOGRAFIE V1

2016

PUNTE: 225

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye en 'n 10 bladsy-bylae.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae.
2. Beantwoord ENIGE DRIE vrae van 75 punte elk.
3. Alle diagramme is in die BYLAE ingesluit.
4. Laat 'n reël oop tussen onderafdelings van vrae wat jy beantwoord.
5. Begin ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Nommer die antwoorde in die middel van die reël.
8. MOENIE in die kantlyne van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.
9. Teken volledig benoemde diagramme wanneer dit vereis word.
10. Beantwoord in VOLSINNE, tensy jy moet noem, identifiseer of 'n lys moet maak.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE

Beantwoord ten minste EEN vraag in hierdie afdeling. Indien jy EEN vraag in AFDELING A beantwoord, moet jy TWEE vrae in AFDELING B beantwoord.

VRAAG 1

1.1 Verwys na FIGUUR 1.1, 'n uittreksel uit 'n sinoptiese weerkaart.

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.7) in die ANTWOORDEBOEK, byvoorbeeld 1.1.8 A.

1.1.1 Lugdrukkel **A** is 'n ... laagdrukkel.

- A termiese
- B kontinentale
- C kus-
- D afsny-

1.1.2 Gebied **B** ondervind ... winde.

- A suidelike
- B oostelike
- C westelike
- D noordelike

1.1.3 Gebied **C** word oor die algemeen met ...-wolke geassosieer.

- A cumulus
- B cumulonimbus
- C stratus
- D altostratus

1.1.4 Gebied **D** is die middelpunt van 'n ...

- A tropiese sikloon.
- B middelbreedte-sikloon.
- C kuslaagdruk.
- D afsnylaagdruk.

1.1.5 Die lugdruklesing van isobaar **E** is ... mb/hPa.

- A 1 004
- B 1 012
- C 1 020
- D 1 016

1.1.6 Laagdrukstelsel **F** is deel van 'n familie van ...

- A middelbreedte-siklone.
- B tropiese siklone.
- C kuslaagdruckke.
- D afsnylaagdruckke.

1.1.7 Hoogdrukse **G** staan as die ... Hoogdrukse bekend.

- A Suid-Indiese/Mauritius-
- B Suid-Pasifiese
- C Kalahari-/Kontinentale
- D Suid-Atlantiese/St. Helena-

(7 x 1) (7)

1.2 Kies 'n term uit KOLOM B wat by die geomorfologiese beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK, byvoorbeeld 1.2.9 J.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Stroompatroon wat in 'n sentraal geleë pan of laagliggende gebied invloei	A	reghoekige patroon
		B	geërfde dreinerings
1.2.2	Ontwikkel op stollingsgesteentes met nate en krake	C	traliepatroon
		D	antesedente dreinerings
1.2.3	Ontwikkel op skuins rotslae wat oneweredig teen erosie bestand is	E	radiale/sentrifugale patroon
1.2.4	Ontwikkel op 'n koepel waar strome uitwaarts vloei	F	sentripetale patroon
1.2.5	'n Dreineerpatroon wat behou word selfs nadat die land opgehef en geplooi is	G	dendritiese patroon
		H	gevegte patroon
1.2.6	Hierdie stroompatroon pas nie by die geologie en topografie van die bestaande landskap nie	I	ontwrigte patroon
1.2.7	Ontwikkel meestal in gletserstreke waar geen spesifieke patroon identifiseer kan word nie		
1.2.8	Kom voor op rotse wat eenvormig teen erosie bestand is en waar sytakke teen skerp hoeke by die hoofstroom aansluit		

(8 x 1) (8)

- 1.3 Verwys na FIGUUR 1.3 wat op die verbybeweeg van 'n tifoon gebaseer is.
- 1.3.1 (a) In watter gebied/streek van die wêreld kom Tifoon Usagi voor? (1 x 1) (1)
- (b) Noem EEN sigbare verskynsel in die diagram wat bevestig dat Tifoon Usagi in die volwasse ontwikkelings stadium is. (1 x 1) (1)
- 1.3.2 (a) Gee 'n rede vir die bewegingsrigting van die tifoon. (1 x 1) (1)
- (b) Hoeveel tifone is voor Tifoon Usagi in hierdie seisoen in hierdie gebied ervaar? (1 x 2) (2)
- 1.3.3 Noem EEN toestand wat daartoe kon gelei het dat Tifoon Usagi tot 'n supertifoon ontwikkel het? (1 x 2) (2)
- 1.3.4 'n Tifoon word deur die beskikbaarheid van energie tydens sy lewensiklus beïnvloed. Skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls waarin jy verduidelik hoe energie tydens die volwasse en ontbindingstadiums aan die stelsel beskikbaar gestel en weggeneem word. (4 x 2) (8)
- 1.4 FIGUUR 1.4 toon 'n temperatuurinversie in 'n vallei.
- 1.4.1 Identifiseer die oorsaak van lugbesoedeling in hierdie vallei. (1 x 1) (1)
- 1.4.2 Noem EEN voorbeeld van 'n tipe besoedelende stof wat by punt **B** vrygestel word. (1 x 1) (1)
- 1.4.3 Gee 'n geskikte term om gebied **A** te beskryf. (1 x 1) (1)
- 1.4.4 Beskryf die verwantskap tussen hoogte en temperatuur soos dit op die grafiek getoon word. (1 x 2) (2)
- 1.4.5 Die hoeveelheid rook op die valleibodem kan snags toeneem. Stel TWEE moontlike redes voor vir hierdie toename. (2 x 2) (4)
- 1.4.6 Ontleed die volgende stelling: 'Temperatuur beïnvloed die ligging van nedersettings in 'n vallei.' (3 x 2) (6)
- 1.5 Verwys na FIGUUR 1.5 wat op stroomroef gebaseer is.
- 1.5.1 Identifiseer verskynsel **W** in FIGUUR 1.5. (1 x 1) (1)
- 1.5.2 Watter doel dien verskynsel **W**? (1 x 1) (1)
- 1.5.3 Verduidelik die proses wat oor die afgelope 1 000 jaar moes plaasvind om aan Rivier **B** die naam 'roefstroom' te besorg. (2 x 2) (4)
- 1.5.4 Gee 'n rede vir die groot hoeveelheid riviergruis wat waarskynlik by gebied **V** aangetref sal word. (1 x 2) (2)

- 1.5.5 Noem EEN verandering wat Rivier **B** vanaf 1 000 jaar gelede tot vandag toe ondergaan het. (1 x 2) (2)
- 1.5.6 Watter implikasie het stroomroef vir gemeenskappe wat vir ekonomiese aktiwiteite van Rivier **A** afhanklik is? (2 x 2) (4)
- 1.6 Verwys na FIGUUR 1.6, 'n foto wat die invloed van mense op riviere toon.
- 1.6.1 Wat beteken die term *rivierbestuur*? (1 x 1) (1)
- 1.6.2 Watter regeringsdepartement is vir die gesondheid en volhoubare gebruik van riviere verantwoordelik? (1 x 1) (1)
- 1.6.3 Watter bewyse in die foto dui op swak rivierbestuur? (2 x 1) (2)
- 1.6.4 Stel TWEE maniere voor waarop die munisipaliteit die invloed van informele nedersettings op riviere kan verminder. (2 x 2) (4)
- 1.6.5 Skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls waarin jy redes gee waarom dit noodsaaklik is om die gesondheid (of gehalte) van riviere in Suid-Afrika in stand te hou. (4 x 2) (8)
- [75]**

VRAAG 2

- 2.1 Bestudeer FIGUUR 2.1 wat op die ontwikkelingstadiums van 'n middelbreedte-sikloon gebaseer is.
- 2.1.1 Watter breedte lyn, 20°S, 60°S of 80°S, word deur lyn **A** voorgestel?
- 2.1.2 Is 'n middelbreedte-sikloon 'n hoogdrukstelsel of 'n laagdrukstelsel?
- 2.1.3 Beskryf die lugsirkulasie, soos in stadium **2** getoon word.
- 2.1.4 Noem die verdelingsone tussen die weste- en oostewinde.
- 2.1.5 Noem die ontwikkelingstadium waartydens fronte vorm.
- 2.1.6 Definieer die term *kouefront*, wat in stadium **3** sigbaar is.
- 2.1.7 Watter stadium (**1**, **2**, **3** of **4**) toon die middelbreedte-sikloon in die okklusiestadium?
- 2.1.8 Gee EEN bewys in die diagram wat aandui dat hierdie sikloon in die Suidelike Halfronde voorkom. (8 x 1) (8)

- 2.2 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.7) in die ANTWOORDEBOEK.
- 2.2.1 (Grondwater/Die watertafel) is die boonste limiet van die versadigde sone in die rotse onder die Aarde se oppervlak.
- 2.2.2 Die rivier-(mond/oorsprong) is die gebied waar die rivier in 'n oseaan, see of meer invloei.
- 2.2.3 Die (dreineerbekken/rivierstelsel) bestaan uit al die sytakke en die hoofstroom.
- 2.2.4 Water wat oor die Aardoppervlak vloei voordat dit 'n rivier binnevloei, staan as (kanaal/plaat)-vloei bekend.
- 2.2.5 'n Klein rivier wat in die hoofstroom invloei, staan as die hoofstroom se (samevloeiing/sytak) bekend.
- 2.2.6 'n Hoogliggende gebied tussen twee riviere in dieselfde dreineerbekken is 'n (interfluviale rif/waterskeiding).
- 2.2.7 'n (Permanente/Tydlike) erosiebasisvlak word aangetref waar 'n rivier in die oseaan invloei. (7 x 1) (7)
- 2.3 Bestudeer FIGUUR 2.3 wat hellingwinde toon.
- 2.3.1 Benoem winde **A** en **B**. (2 x 1) (2)
- 2.3.2 Noem EEN faktor wat vir die verandering in windrigting verantwoordelik is, soos deur wind **A** en **B** getoon word. (1 x 1) (1)
- 2.3.3 Buiten lugbeweging, noem TWEE ander verskille tussen wind **A** en **B**. (2 x 2) (4)
- 2.3.4 Gee 'n rede waarom temperatuur in vallei **D** met hoogte styg. (1 x 2) (2)
- 2.3.5 Evalueer hoe die hellingwinde (**A** en **B**) beide 'n positiewe en negatiewe invloed op mense en menslike aktiwiteite kan hê. (3 x 2) (6)
- 2.4 FIGUUR 2.4 is 'n skematiese voorstelling van die afmetings van 'n stedelike hitte-eiland.
- 2.4.1 Gee 'n moontlike rede vir die asimmetriese (oneweredige) vorm van die termiese pluim van die stedelike hitte-eiland. (1 x 1) (1)
- 2.4.2 Gee TWEE bewyse wat aandui dat FIGUUR 2.4 dagtoestande voorstel. (2 x 1) (2)
- 2.4.3 Teken 'n benoemde diagram om veranderinge in die vorm van die stedelike hitte-eiland gedurende die nag te toon. (2 x 1) (2)

- 2.4.4 Dui aan waarom die gebied in die middestad (SSK) met sterker stygwinde geassosieer word. (1 x 2) (2)
- 2.4.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik hoe die gebouedigheid van die SSK en boumateriaal wat in die SSK gebruik is, die vorming van die intense (sterk) stedelike hitte-eiland veroorsaak. (4 x 2) (8)
- 2.5 Verwys na FIGUUR 2.5 wat 'n dreineerbekken vanaf die oorsprong tot by die mond, asook die ooreenstemmende lengteprofiel toon.
- 2.5.1 Definieer die term *dreineerbekken*. (1 x 1) (1)
- 2.5.2 Die volgende vrae verwys na dreineerdigheid.
- (a) Wat is *dreineerdigheid*? (1 x 1) (1)
- (b) Noem EEN faktor wat dreineerdigheid beïnvloed. (1 x 2) (2)
- (c) Gee 'n bewys in die diagram om aan te dui dat die boloop die hoogste dreineerdigheid het. (1 x 2) (2)
- 2.5.3 Die volgende vrae verwys na die lengteprofiel.
- (a) Watter bewys dui aan dat dit 'n gegreeerde profiel is? (1 x 1) (1)
- (b) Gebruik FIGUUR 2.5 en verduidelik in 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls hoe 'n rivier sy gegreeerde lengteprofiel (die konsep van dinamiese ewilbrium) behou. (4 x 2) (8)
- 2.6 Verskeie verskynsels, soos oewerwalle (levées) en deltas, word langs 'n rivierloop aangetref.
- 2.6.1 Verwys na die vorming van 'n oewerwal (levée) in FIGUUR 2.6.
- (a) Wat is 'n *oewerwal (levée)*? (1 x 1) (1)
- (b) Gee redes vir die verskil in grootte tussen die sediment wat by **C** en die sediment wat by **D** in FIGUUR 2.6 afgeset word. (2 x 2) (4)
- (c) Verduidelik waarom oewerwalle (levées) beide voordelig en nadelig vir boerdery op die aanliggende vloedvlakte kan wees. (2 x 2) (4)
- 2.6.2 Die volgende vrae verwys na deltas.
- (a) Waar word deltas in 'n rivier aangetref? (1 x 2) (2)
- (b) Gee 'n rede vir die groot hoeveelheid afgesette materiaal wat aangetref word waar 'n delta gevorm word. (1 x 2) (2)
- (c) Waarom is deltas in Suid-Afrikaanse riviere skaars? (1 x 2) (2)

[75]

**AFDELING B: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS EN
SUID-AFRIKAANSE EKONOMIESE GEOGRAFIE**

Beantwoord ten minste EEN vraag in hierdie afdeling. As jy EEN vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy TWEE vrae in AFDELING A beantwoord.

VRAAG 3

3.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.7) in die ANTWOORDEBOEK, byvoorbeeld 3.1.8 A.

3.1.1 Die kleinste tipe landelike nedersetting is 'n ...

- A gehuggie.
- B geïsoleerde plaasopstal.
- C lae-orde dienssentrum.
- D dorpie.

3.1.2 'n Nedersetting word as landelik geklassifiseer as gevolg van die ...

- A getal mense wat in die nedersetting woon.
- B grootte van die nedersetting.
- C funksie van die nedersetting.
- D getal lae-orde aktiwiteite.

3.1.3 Die ligging van 'n nedersetting word deur die volgende natuurlike faktore beïnvloed:

- A Water, mark, klimaat
- B Water, grondvrugbaarheid, reliëf
- C Water, topografie, hawe
- D Historiese omstandighede, water, handel

3.1.4 Droëpuntnedersettings kom naby ... voor.

- A woestyne
- B oases
- C moerasse
- D hoogliggende gebiede

3.1.5 Toerisme is 'n voorbeeld van 'n ... ekonomiese aktiwiteit.

- A kwaternêre
- B tersiêre
- C sekondêre
- D primêre

3.1.6 Die invloed van hellingsrigting (aspek) op die ligging van nedersettings verwys na die volgende beginsel:

- A Valleibodems kan ryp ervaar.
- B Boonste hellings ervaar lae gemiddelde temperature.
- C Hellings in die Suidelike Halfrond wat noord front, is warmer.
- D Gelyke vlaktes lok meer mense as ongelyke terrein.

- 3.1.7 'n Nedersetting wat by 'n rivieroorgang geleë is, staan as 'n ...-nedersetting bekend.
- A poort
 - B brug
 - C waterpunt
 - D vragbrekingspunt
- (7 x 1) (7)

- 3.2 Kies 'n term uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.8) in die ANTWOORDEBOEK, byvoorbeeld 3.2.9 J.

KOLOM A		KOLOM B	
3.2.1	'n Ander naam vir 'n binnelandse mark	A	invoere
3.2.2	Grondstowwe wat verwerk word	B	infrastruktuur
3.2.3	Goedere wat by ander lande aangekoop word	C	tuismark
3.2.4	Verwys na paaie, spoorweë en kommunikasienetwerke	D	tariewe
3.2.5	Vervang ingevoerde goedere met plaaslik vervaardigde goedere	E	toegevoegdewaarde-produkte
3.2.6	Belasting wat op ingevoerde goedere gehef word	F	ruimtelikeontwikkelings-inisiatiewe
3.2.7	Moedig industrialisasie langs hoofroetes aan om NOS'e met mekaar te verbind	G	vryhandel
3.2.8	Geen versperring vir die invoer en uitvoer van goedere en dienste nie	H	uitvoere
		I	invoervervanging

(8 x 1) (8)

- 3.3 Verwys na FIGUUR 3.3, 'n spotprent oor stedelike uitbreiding.
- 3.3.1 Definieer die term *stedelike uitbreiding*. (1 x 1) (1)
 - 3.3.2 Noem hoe stedelike uitbreiding die nedersettingspatroon vanaf 1980 tot 2020 sal verander. (1 x 1) (1)
 - 3.3.3 Gee EEN rede vir stedelike uitbreiding. (1 x 2) (2)
 - 3.3.4 Bespreek TWEE probleme wat uit stedelike uitbreiding voortspruit. (2 x 2) (4)
 - 3.3.5 Stel TWEE moontlike oplossings voor vir die probleme wat met stedelike uitbreiding geassosieer word. (2 x 2) (4)
 - 3.3.6 Die eiendomsagent advertenteer die grond deur te sê: 'Dit het 'n mooi uitsig.' Waarom het die gesigsuitdrukkings van die voornemende kopers vanaf 1980 tot 2020 verander? (1 x 2) (2)

- 3.4 Verwys na FIGUUR 3.4 wat die algemene buitelynvorm en uitleg van Bangkok, Thailand, toon.
- 3.4.1 Noem die algemene buitelynvorm van Bangkok. (1 x 1) (1)
- 3.4.2 Verwys na FIGUUR 3.4 en sê watter faktor vir die buitelynvorm van Bangkok, in jou antwoord op VRAAG 3.4.1, verantwoordelik is. (1 x 1) (1)
- 3.4.3 Beskryf die ligging van die SSK met betrekking tot Bangkok se stadsgrense. (1 x 2) (2)
- 3.4.4 Noem TWEE voordele van die ligging van die SSK soos beskryf in VRAAG 3.4.3. (2 x 2) (4)
- 3.4.5 Die SSK van Bangkok word deur pondokdorpias (informele nedersettings) omring. Dit kan tot kommersiële desentralisasie lei. In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik waarom dit die geval kan wees. (4 x 2) (8)
- 3.5 Verwys na FIGUUR 3.5, 'n gevallestudie oor suikerrietboerdery.
- 3.5.1 In watter provinsie word suikerriet hoofsaaklik verbou? (1 x 1) (1)
- 3.5.2 Noem TWEE klimaatstoestande wat hierdie gebied geskik maak vir suikerrietverbouing. (2 x 2) (4)
- 3.5.3 Noem EEN sosio-ekonomiese faktor wat suikerrietboerdery negatief beïnvloed. (1 x 2) (2)
- 3.5.4 Verduidelik hoe suikerrietboerdery die ekonomiese ontwikkeling van die provinsie in VRAAG 3.5.1 gestimuleer het. (2 x 2) (4)
- 3.5.5 Bespreek waarom die suikermeule ideaal geleë is. (2 x 2) (4)
- 3.6 Bestudeer die kaart in FIGUUR 3.6 wat die kernnywerheidstreke van Suid-Afrika toon.
- 3.6.1 Noem EEN verskil tussen 'n *swaar nywerheid* en 'n *ligte nywerheid*. (2 x 1) (2)
- 3.6.2 (a) Watter EEN van die vier nywerheidstreke kan beskou word as 'n streek wat deur ligte nywerhede gedomineer word wanneer dit met die ander drie nywerheidstreke vergelyk word? 1 x 1 (1)
- (b) Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 3.6.2(a). (1 x 2) (2)
- 3.6.3 Noem EEN nywerheidsontwikkelingstrategie wat ná apartheid ingestel is om oorkonsentrasie in die kernnywerheidstreke te verlig. (1 x 2) (2)
- 3.6.4 Die PWV/Gauteng-nywerheidstreek dra die meeste tot die BBP van Suid-Afrika by ten spyte daarvan dat dit deur land omring word/in die binneland is. In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek waarom dit die geval is. (4 x 2) (8)

[75]

VRAAG 4

- 4.1 Kies 'n term uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 4.1.8 J.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1.1	'n Stedelike nedersetting wat goedere en dienste aan die omliggende landelike bevolking verskaf	A	lae-orde diens
		B	invloedsfeer
4.1.2	'n Klein nedersetting met min funksies, byvoorbeeld 'n plattelandse dorpie	C	hoë-orde sentrum
		D	reikwydte van goedere
4.1.3	Die minimum aantal mense wat nodig is om 'n besigheid te ondersteun	E	drempelbevolking
4.1.4	Die gebied waaruit 'n besigheid sy kliënte trek (ook as 'n markgebied bekend)	F	lae-orde sentrum
		G	sentrale plek
4.1.5	Die maksimum afstand wat 'n verbruiker bereid is om te reis om goedere te koop	H	hoë-orde diens
4.1.6	Dienste wat daaglik benodig word en gereeld deur mense gebruik word		
4.1.7	'n Groot nedersetting met baie funksies, byvoorbeeld 'n stad		

(7 x 1)

(7)

- 4.2 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (4.2.1–4.2.8) in die ANTWOORDEBOEK.

- 4.2.1 Mynbou is 'n voorbeeld van 'n (primêre/tersiêre) aktiwiteit.
- 4.2.2 Die Suid-Afrikaanse mynbousektor dra (meer/minder) as die tersiêre sektor tot die BBP by.
- 4.2.3 Suid-Afrika het 'n (groot/klein) verskeidenheid minerale in vergelyking met die meeste lande.
- 4.2.4 Die meeste van Suid-Afrika se waterbronne (wat 'n invloed op mynboubedrywighede het) word in die (oostelike/westelike) helfte van die land aangetref.
- 4.2.5 Die mynbousektor verskaf grondstowwe aan die (kwaternêre/sekondêre) sektor van die ekonomie.
- 4.2.6 Nywerhede wat naby 'n myn geleë is, staan as (mark/hulpbron)-gerigte nywerhede bekend.

- 4.2.7 Platinummyne is die prominentste in (Noordwes/Mpumalanga).
- 4.2.8 (Steenkool/Platinum) word in Suid-Afrika as 'n grondstof in die opwekking van elektrisiteit gebruik. (8 x 1) (8)
- 4.3 Bestudeer FIGUUR 4.3, 'n spotprent oor 'n plattelandse dorpie.
- 4.3.1 Definieer die term *landelik-stedelike migrasie*. (1 x 1) (1)
- 4.3.2 Gee die bevolkingsgrootte van hierdie plattelandse dorpie oor naweke en gedurende die week onderskeidelik. (2 x 1) (2)
- 4.3.3 Noem en verduidelik EEN trekfaktor wat die grootte van die bevolking gedurende die week sou kon verduidelik. (2 x 2) (4)
- 4.3.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, beskryf in breë trekke die gevolge van landelike ontvolking op mense en die plaaslike ekonomie van die plattelandse dorpie. (4 x 2) (8)
- 4.4 Bestudeer FIGUUR 4.4 wat 'n informele nedersetting toon.
- 4.4.1 Definieer die term *informele nedersetting*. (1 x 1) (1)
- 4.4.2 (a) Noem TWEE faktore wat die ligging van hierdie informele nedersetting sou kon beïnvloed het. (2 x 1) (2)
- (b) Waarom is ligging 'n belangrike faktor vir die inwoners van informele nedersettings? (1 x 2) (2)
- 4.4.3 Verduidelik TWEE negatiewe omgewingsinvloede van informele nedersettings. (2 x 2) (4)
- 4.4.4 Met verwysing na FIGUUR 4.4, gee EEN rede waarom 'n brand maklik deur hierdie nedersetting sou kon versprei. (1 x 2) (2)
- 4.4.5 Gee TWEE moontlike redes waarom plaaslike regerings die groei van informele nedersettings wil beperk. (2 x 2) (4)
- 4.5 Bestudeer FIGUUR 4.5, 'n foto wat middagete-handel in 'n tipiese Suid-Afrikaanse stad toon.
- 4.5.1 Sou jy die handel as formeel of informeel klassifiseer? (1 x 1) (1)
- 4.5.2 Gee 'n bewys uit die foto om jou antwoord op VRAAG 4.5.1 te ondersteun. (1 x 2) (2)
- 4.5.3 Waarom oortree die produk wat verkoop word waarskynlik munisipale regulasies? (1 x 2) (2)
- 4.5.4 Waarom dra hierdie tipe handel nie direk tot die BBP by nie? (1 x 2) (2)

4.5.5	Stel TWEE moontlike redes vir die vinnige groei van die informele sektor in Suid-Afrika voor.	(2 x 2)	(4)
4.5.6	Verduidelik waarom die informele sektor 'n belangrike rol het om in die Suid-Afrikaanse ekonomie te speel.	(2 x 2)	(4)
4.6	Die huidige droogte in Suid-Afrika het 'n negatiewe invloed op die land se voedselsekerheid.		
4.6.1	Definieer die term <i>voedselsekerheid</i> .	(1 x 1)	(1)
4.6.2	Waarom is dit belangrik om voedselsekerheid in 'n land te verbeter?	(2 x 2)	(4)
4.6.3	Waarom sal mense wat in stedelike nedersettings woon, waarskynlik hoër vlakke van voedselsekerheid hê as mense wat in landelike gebiede woon?	(1 x 2)	(2)
4.6.4	Skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls om die invloed van die huidige droogtekrisis op Suid-Afrika se voedselsekerheid te ontleed.	(4 x 2)	(8)
			[75]
		TOTAAL:	225



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN


GEOGRAFIE V1

2016

BYLAE


Hierdie bylae bestaan uit 10 bladsye.

FIGUUR 1.1: SINOPTIESE WEERKAART



[Bron: Suid-Afrikaanse Weerburo]

FIGUUR 1.3: VERBYBEWEG VAN 'N TIFOON




Vietnam – Viëtnam
Philippines – Philippyne

[Bron:


http://i.dailymail.co.uk/i/pix/2013/09/24/article-0-181DB13C00000578-229_634x341.jpg

FIGUUR 1.4: TEMPERATUURINVERSIE IN 'N VALLEI




[Aangepas uit <http://www.asu.edu.co.za>]

FIGUUR 1.5: STROOMROOF




[Aangepas uit <http://web.arc.losrios.edu>]

FIGUUR 1.6: IMPAK VAN MENSE OP RIVIERE




[Bron: <http://www.groundup.org.za>]

FIGUUR 2.1: ONTWIKKELINGSTADIUMS VAN 'N MIDDELBREEDTE-SIKLOON




[Bron: Eksaminator se eie skets]

FIGUUR 2.3: HELLINGWINDE




[Bron: Eksaminator se eie skets]

FIGUUR 2.4: AFMETINGS VAN 'N STEDELIKE HITTE-EILAND




[Aangepas uit <http://www.asdu.edu.co.za>]

FIGUUR 2.5: DREINEERBEKKEN




[Aangepas uit Geography GCSE]

FIGUUR 2.6: ONTWIKKELING VAN 'N OEWERWAL




[Aangepas uit <http://www.nasa.gov/slang>]

FIGUUR 3.3: STEDELIKE UITBREIDING



[Bron: <http://www.migration2.migrant.com>]

FIGUUR 3.4: VORM EN UITLEG VAN BANGKOK




[Bron: Onbekend]

FIGUUR 3.5: SUIKERRIETBOERDERY


Suikerriet word aan die kus van KwaZulu-Natal verbou weens die ideale klimaatstoestande in die gebied. Die nywerheid bestaan uit 15 suikermeule, waarvan 13 vanaf die suidelike tot die noordelike grens van KwaZulu-Natal verspreid is. Die meeste van die suikerriet wat aan dié meule verskaf word (85%), word deur meer as 53 000 geregistreerde suikerrietboere verskaf, en die res deur meullandgoedere. Suikerrietproduksie op gemeenskaplike grond het oor die afgelope 25 jaar aansienlik uitgebrei. Baie suikermeule is reg langs 'n hoof toevoerrote geleë.

[Aangepas uit <http://www.saf.safsuger.co.za> en http://www.tikzn.co.za/open.php?page=Key_Sectors/Agriculture]

FIGUUR 3.6: KERNNYWERHEIDSTREKE

[Aangepas uit <http://www.saindustrials.industry.co.za>]

FIGUUR 4.3: 'N PLATTELANDSE DORPIE



[Bron: http://www.acegeography.com/uploads/1/8/6/4/18647856/6477702_orig.jpg]

FIGUUR 4.4: 'N INFORMELE NEDERSETTING



[Aangepas uit <http://www.pholapark.settlement.co.za>]

FIGUUR 4.5: MIDDAGETE-HANDEL



[Bron: Eksaminator se eie foto geneem in Khayelitsha Township, Kaapstad]



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

GEOGRAFIE V1

2016

MEMORANDUM

PUNTE: 225

Hierdie memorandum bestaan uit 17 bladsye.

AFDELING A: KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE

- | | | | |
|-----|-------|--|-------------|
| 1.1 | 1.1.1 | C (1) | |
| | 1.1.2 | D (1) | |
| | 1.1.3 | B (1) | |
| | 1.1.4 | B (1) | |
| | 1.1.5 | D (1) | |
| | 1.1.6 | A (1) | |
| | 1.1.7 | C (1) | (7 x 1) (7) |
| 1.2 | 1.2.1 | F (1) | |
| | 1.2.2 | A (1) | |
| | 1.2.3 | C (1) | |
| | 1.2.4 | E (1) | |
| | 1.2.5 | D (1) | |
| | 1.2.6 | B (1) | |
| | 1.2.7 | I (1) | |
| | 1.2.8 | G (1) | (8 x 1) (8) |
| 1.3 | 1.3.1 | (a) Die Verre Ooste/Ooskus van Asië/Suid-Chinese See (1) | (1 x 1) (1) |
| | | (b) Windsnelhede van tot 160 mph/260 km/h is aangeteken (1) | |
| | | Dit is gekatogoriseer/kategorie 5 (1) | |
| | | Groot gebied wat beïnvloed word/meer as 400km (1) | (1 x 1) (1) |
| | 1.3.2 | (a) Die Tropiese Oostewinde heers in hierdie breedtegrade /Geleë in die Tropiese Oostewindgordel (1) | (1 x 1) (1) |
| | | (b) 20 (2) | (1 x 2) (2) |
| | 1.3.3 | Baie hoë see-oppervlakte-temperatuur van bo 27 °C (2) | |
| | | Baie sterk bolugdivergensie (2) | |
| | | Baie hoë voginhoud (2) | |
| | | Baie hoë verdampingsvlakke (2) | |
| | | Baie vinnige styging van warm, vogtige lug (2) | |
| | | Grootskaalse kondensasie (2) | |
| | | Baie sterk windsnelhede (2) | |
| | | Intensiewe laagdruksisteem (2) | |
| | | [ENIGE EEN] | (1 x 2) (2) |

1.3.4 **BESKIKBAAR GESTEL**

- Energie word vasgevang as latente hitte in waterdamp-inhoud (2)
- Energie word vrygestel wanneer kondensasie plaasvind (2)
- Sterk konveksiestrome vervoer energie na hoë hoogtes (2)
- Vinnige styging en kondensasie stel groot hoeveelhede energie vry (2)

WEGGENEEM

Energie gaan verlore wanneer die tifofoon oor die land beweeg/geen bron van vog (2)

Minder vog beskikbaar oor die landoppervlak (2)

Minder vog verminder kondensasie en stel latente energie vry (2)

Wrywing vertraag die tifofoon oor landoppervlakke (2)

[ENIGE VIER – MOET NA BEIDE ASPEKTE VERWYS] (4 x 2) (8)

- 1.4 1.4.1 Nywerheid/fabriek (1) (1 x 1) (1)
- 1.4.2 Rook (1)
Koolstofdiksied (1)
Sulfaatdiksied (1)
Swaelsuur (1)
Roet (1)
[ENIGE EEN] (1 x 1) (1)
- 1.4.3 Termiese gordel (1)
Inversie laag (1)
[ENIGE EEN] (1 x 1) (1)
- 1.4.4 Temperatuur verminder met hoogte, behalwe in die termiese gordel waar dit met hoogte toeneem, daarna hou dit aan om af te neem (2) (1 x 2) (2)
- 1.4.5 Katabatiese/hellingdalende winde stoot rookdeeltjies afwaarts (2)
Die inversielaag is laer as die valleihange en dit keer rook vas (2)
Bergbries wat snags in die vallei waai (2)
Lae wolkbedekking wat die besoedelingsdeeltjies vaskeer (2)
Sterk daling verhoed besoedeling om te styg/druk besoedeling verder af (2)
Swak konveksiestrome verhoed die styg van besoedeling (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 1.4.6 Nedersettings ontwikkel langs die middel-hellings, want dit is warmer in die winter (2)
Oor die algemeen ontwikkel nedersettings nie op die valleibodem nie omdat ryp en lae temperature daar voorkom (2)
Die meeste nedersettings in die Suidelike Halfrond is op die noordwaartsgerigte hellings, want dit ontvang direkte sonlig (2)
Die meeste nedersettings in die Noordelike Halfrond is op die suidwaartsgerigte hellings, want dit ontvang direkte sonlig (2)
Nedersettings wat in die warmer sones ontwikkel spaar op elektrisiteit en verkies hierdie ligging (2)
Hoogliggende hange word vermy, want dit is kouer (2)
[ENIGE DRIE] (3 x 2) (6)

- 1.5 1.5.1 Waterskeiding (1) (1 x 1) (1)
- 1.5.2 Skei twee dreineerbekkens van mekaar (1) (1 x 1) (1)
- 1.5.3 Sytak X erodeer terugwaarts (kerf terug) (2)
Sytak X verleng (word langer) (2)
Sytak X kerf deur die waterskeiding (2)
Sytak X verenig met rivier A /Rivier B steel die water van rivier A (2)
Water van rivier A vloei nou direk in rivier B in (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 1.5.4 As gevolg van die gebrek aan water kan rivier A nie sy stroomvrag dra nie en deponeer dit (2) (1 x 2) (2)
- 1.5.5 Die grootte van die dreineerbekken het toegeneem (2)
Water word meer turbulent (2)
Die erosievermoë neem toe (2)
Toename in stroom vloei (2)
Die rivier word verjong (2)
Ontwikkel ingekerfde meanders/vallei in 'n vallei/terrasse (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- 1.5.6 Laer produksie as die grond vir boerdery gebruik word (2)
Inkomste neem af wat tot laer lewenstandaard lei (2)
Minder voedsel beskikbaar om aan plaaslike mark te verkoop (2)
Minder water vir besproeiing (2)
Minder water vir industrieë (2)
Negatiewe impak op ontspanningsoorde/ontspanningsaktiwiteite langs die rivier (2)
Verminderde watervlakke in damme langs die rivier (2)
Minder water om hidro-elektrisiteit te genereer (2)
Toename in voedselpryse (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)

- 1.6 1.6.1 Volhoubare bewaring van die rivier en sy dreineerbekken (1)
[KONSEP] (1 x 1) (1)
- 1.6.2 Die Departement van Waterwese (1) (1 x 1) (1)
- 1.6.3 Ontwikkeling van informele nedersettings op die rivieroewer (1)
Verskeie soorte rommel wat die rivier besoedel (1)
Verwydering van plantegroei wat tot los grond aanleiding gee (1)
Mense wat op die rivieroewer woon, strooi huishoudelike afval in die rivier (1)
Oorblyfsels van geboue in die rivier (1)
[ENIGE TWEE] (2 x 1) (2)
- 1.6.4 Skuif die nedersetting tot bo die vloedlyn/weg van die rivier (2)
Voed inwoners op oor die bestuur van rivierhulpbronne (2)
Verskaf afvalverwyderingsdienste (2)
Behoorlike sanitasie (2)
Lopende water in die huise (2)
Alternatiewe behuising/HOP huise om inwoners weg van die rivieroewer te hervestig (2)
Plantegroei op kaal hellings (2)
Skep 'n buffersone om besoedeling van die rivier te voorkom (2)
Wetgewing en boetes (2)
[ANY TWO] (2 x 2) (4)
- 1.6.5 Beperkte watervoorrade in Suid-Afrika (2)
Riviere is ons enigste bron van vars drinkbare water (2)
Voorsien skoon water wat belangrik vir menslike gesondheid is (2)
Dit is vars waterreservoirs wat mense van kos, bv. vis, voorsien (2)
Skoop water benodig vir boerdery (besproeiing) (2)
Benodig skoon water vir industriële aktiwiteite (2)
Verskaf skoon water vir huishoudelike doeleindes (2)
Verseker dat ekosisteme gesond en in balans bly (2)
Behoud van skoonheidswaarde (2)
Belangrik vir waterontspanningsaktiwiteite (2)
Word gebruik as toeriste-aantreklikhede (2)
[ENIGE VIER] (4 x 2) (8)
[75]

- 2.1 2.1.1 60°S (1)
- 2.1.2 Laag (1)
- 2.1.3 Kloksgewys (1)
- 2.1.4 Polêre front (1)
- 2.1.5 Warmsektorstadium/Volwasse stadium /(Polêre front/aanvangstadium) (1)
- 2.1.6 Voorste gedeelte van die koue bewegende lugmassa (1)
- 2.1.7 Stadium 4 (1)
- 2.1.8 Kloksgewyse sirkulasie van lug (1) **OF**
Westewinde lê noord van die polêre front en die oostewinde lê suid van die polêre front (1) (8 x 1) (8)
- 2.2 2.2.1 Die watertafel (1)
- 2.2.2 mond (1)
- 2.2.3 rivierstelsel (1)
- 2.2.4 plaat (1)
- 2.2.5 sytak (1)
- 2.2.6 Interfluviale rif (1)
- 2.2.7 permanente (1) (7 x 1) (7)
- 2.3 2.3.1 A: Anabatiese/hellingstygende wind (1)
B: Katabatiese/hellingdalende wind (1) (2 x 1) (2)
- 2.3.2 Lugdrukverskille (1)
Temperatuurverskille (1)
Opprvlakverhitting/-afkoeling (1)
[ENIGE EEN] (1 x 1) (1)
- 2.3.3
- | Verskille | A | B | |
|-----------------------|------------|-----------|-----------------|
| <i>Tyd</i> | Bedags | Snags | (2) |
| <i>Lugtemperatuur</i> | Warmer lug | Kouer lug | (2) (2 x 2) (4) |
- 2.3.4 Koue lug daal teen die helling afwaarts en forseer warmer lug om te styg (2)
Warm lug word opwaarts verplaas en lê bo die koue lug (2) (1 x 2) (2)

2.3.5 **POSITIEWE IMPAK**

Anabatiese winde/A versprei besoedeling uit die vallei uit (2)
Anabatiese winde/A is belangrik vir ontspanningsaktiwiteite soos hangvlieg (2)

Katabatiese winde/B help met rypvorming op die valleibodem wat beteken rypbestande gewasse kan verbou word (2)

Katabatiese winde/B en die opwaartse beweging van die inversielaag bevoordeel die middelhange vir die plant van nie-rypbestande gewasse (2)

Katabatiese winde/B help om insekte en pestilensies op die valleibodem vrek te maak (2)

NEGATIEWE IMPAK

Katabatiese winde/B beperk wat op die valleibodem geplant kan word (2)

Katabatiese winde/B keer besoedeling in die vallei vas (2)

Katabatiese winde/B veroorsaak dat rook sigbaarheid in die vallei verminder (2)

Katabatiese winde/B het 'n negatiewe impak op gesondheid (2)

[ENIGE DRIE. EEN POSITIEF EN TWEE NEGATIEF OF TWEE POSITIEF EN EEN NEGATIEF] (3 x 2) (6)

2.4 2.4.1 Heersende winde (1) (1 x 1) (1)

2.4.2 Groot vertikale dimensie (1)

Stygende lug/sterk stygwind/warm stygende lug (1)


Hittepluim (1)

Hitte-aambeeld (2)

Asimmetriese vorm (1)

[ENIGE TWEE] (2 x 1) (2)

2.4.3



[1 punt vir die koepelvorm; 1 punt vir aanduiding van KOUE LUG buite die koepel] (2 x 1) (2)

2.4.4 Die grootste konsentrasie van hittegenererende aktiwiteite is in die SSK (2)

Konvergensie van lug in die SSK (2)

(Kan punte toeken vir voorbeelde van hittegegerende aktiwiteite) (2)

[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)

2.4.5 HOËR GEBODIGTHEID

Hoogste gebou digtheid in die stadskern keer hitte vas (2)
 Meer geboue veroorsaak groot oppervlaktes wat hitte kan absorbeer (2)
 Hoë geboue/wolkekrabbers dien as windbrekers en hitte kan nie versprei word nie (2)

BOUSTOF

Donker oppervlaktes/boustof absorbeer meer hitte (2)
 Kunsmatige oppervlaktes soos beton, glas, metaal, bakstene, teer absorbeer hitte (2)
 Kunsmatige oppervlaktes verhoog afloop en verminder verdamping en die afkoelingseffek (2)
 Veelvuldige refleksie van hitte a.g.v. glas wat in geboue gebruik word (2)
 Kortgolfstraling word deur glas in geboue ingelaat, maar word in die geboue vasgekeer as hitte want langgolfstraling kan nie ontsnap nie (2)

[ENIGE VIER. MOET NA BEIDE ASPEKTE VERWYS] (4 x 2) (8)

- 2.5 2.5.1 Die gebied wat deur 'n rivier en sy sytakke dreineer word (1)
[KONSEP] (1 x 1) (1)
- 2.5.2 (a) Totale lengte van riviere per km² (1)
 Aanvaar formule van dreineringsdigtheid (1)
[KONSEP] (1 x 1) (1)
- (b) Gradiënt/helling/reliëf van die land (2)
 Hoeveelheid/ tipe reënval (2)
 Rotstipe/grondtipe (2)
 Rotsdeurlaatbaarheid (2)
 Grondwatersadiging (2)
 Grondgebruik (2)
 Plantegroeidigtheid (2)
 Tempo van verdamping (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- (c) Baie 1^{ste} orde strome/sytakke in die bolope (2) (1 x 2) (2)
- 2.5.3 (a) Dit het 'n gladde konkawe vorm (1)
 Geen tydelike erosiebasisse bv. watervalle/stroomversnellings (1)
 (1 x 1) (1)
- (b) Die tempo van erosie en afsetting in die rivier is gebalanseerd (2)
 In die bolope is die rivier turbulent a.g.v. steil hellings (2)
 Die stroom het genoeg energie om groter stroomvrag te vervoer (2)
 Afwaartse erosie veroorsaak 'n steil gradiënt (2)
 In die middellope waar verskeie sytakke aansluit, het die stroom genoeg energie om mediumgrootte stroomvrag te vervoer (2)
 Die gradiënt is geleidelik in die benedeloop (2)
 Meer afsetting vind plaas (2)
[ENIGE VIER] (4 x 2) (8)

- 2.6 2.6.1 (a) 'n Verhoogde oewer a.g.v. afsetting (1)
[KONSEP] (1 x 1) (1)
- (b) By C word die swaarder deeltjies eerste langs die rivier afgeset omdat dit growwer en groter is (2)
By D word die fyner/kleiner deeltjies afgeset wat verder deur die water weggestoot kan word (2) (2 x 2) (4)
- (c) **Voordele**
Beskerm boerderygrond teen oorstroming (2)
Verhoed dat vrugbare grond terugspoel na die rivier(2)
Vermeerder die dravermoë van die rivier en dus meer water vir besproeiing (2)
- Nadele**
Verhoogde oewers beperk afsetting van slik in die toekoms (2)
Bemoelijk besproeiing omdat 'n verhoogde oewer die kostes om besproeiing te implimenteer sal verhoog (2)
Tydens herhaalde oorstromings kan die oewerwal breek en gewasse beskadig (2)
Oewerwal keer vloedwater op die vloedvlakte vas (2)
[ENIGE TWEE. MOET NA VOORDELE EN NADELE IN ANTWOORD VERWYS] (2 x 2) (4)
- 2.6.2 (a) By die riviermonding (2)
Langs 'n binnelandse meer (2)
In die benedeloop van die rivier (2)
By 'n tydelike erosiebasis (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- (b) Rivier vloei stadiger naby see en afsetting vind plaas (2)
'n Geleidelike gradiënt waar die rivier die see binnevloei (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- (c) Die meeste van ons riviere het 'n steil gradiënt waar dit die see binnevloei (2)
Verminderde afsetting (2)
Rowwe seetoestande by riviermondings laat nie die akkumulاسie van sediment toe nie (2)
Sterk seestrome langs die Suid-Afrikaanse kuslyn (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
[75]

**AFDELING B: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS EN
SUID-AFRIKAANSE EKONOMIESE GEOGRAFIE**

- | | | | |
|-----|-------|--|-------------|
| 3.1 | 3.1.1 | B (1) | |
| | 3.1.2 | C (1) | |
| | 3.1.3 | B (1) | |
| | 3.1.4 | D (1) | |
| | 3.1.5 | B (1) | |
| | 3.1.6 | C (1) | |
| | 3.1.7 | B (1) | (7 x 1) (7) |
| 3.2 | 3.2.1 | C (1) | |
| | 3.2.2 | E (1) | |
| | 3.2.3 | A (1) | |
| | 3.2.4 | B (1) | |
| | 3.2.5 | I (1) | |
| | 3.2.6 | D (1) | |
| | 3.2.7 | F (1) | |
| | 3.2.8 | G (1) | (8 x 1) (8) |
| 3.3 | 3.3.1 | Die fisiese groei of uitbreiding van die grootte of oppervlakte van die stedelike gebied (1)
[KONSEP] | (1 x 1) (1) |
| | 3.3.2 | 'n Verspreide/Geïsoleerde landelike nedersetting sal in 'n kompakte/kern stedelike nedersetting verander (1) | (1 x 1) (1) |
| | 3.3.3 | Landelik-stedelike migrasie/Instroming van immigrante (2)
Bevolkingstoename/Hoër geboortes in die stad (2)
Wanneer stoot- en trekfaktore verskaf word moet die kandidaat kwalifiseer (2)
[ENIGE EEN] | (1 x 2) (2) |

- 3.3.4 Verkeersopeenhoping a.g.v. 'n toename in motors (2)
 Geraas- en lugbesoedeling vanaf motors (2)
 Grondbelasting sal verhoog (2)
 Die huise is duur (2)
 Gebrek aan privaatheid (2)
 Verlies van landbougrond (2)
 Verlies aan natuurlike skoonheid (2)
 Toename in informele nedersettings (2)
 Werkloosheid in die landelike gebiede (2)
 Toename in misdaad (2)
 Skade aan die ekosisteem/habitat/biodiversiteit (2)
 Druk op hulpbronne/dienste in stedelike omgewing (2)
 [Kwalifiseer alle antwoorde in hierdie vraag vir die landelike gebiede]
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 3.3.5 Saamrygeleenthede/-klubs (2)
 Verbeter openbare vervoer (2)
 Alternatiewe vorms van vervoer bv. Fietsry (2)
 Meer groentegnologie (2)
 Behuisingssubsidies vir die armer huishoudings (2)
 Gemeenskapsprojekte en ontwikkeling van openbare ruimtes (2)
 Klein erwe met 'n hoë digtheid (2)
 Meer sigbare polisiëring (2)
 Ontwikkel groengordels/parke/oop ruimtes (2)
 Werkskepping in die landelike gebiede (2)
 [Moet 'n oplossing wees vir die probleme wat in stedelike gebiede ervaar word en nie probleme in landelike gebiede nie]
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 3.3.6 Daar is nie meer 'n mooi uitsig nie (a.g.v. stedelike uitbreiding) (2)
[Interpretasie wat 'n negatief emosie uitbeeld] (1 x 2) (2)
- 3.4 3.4.1 Sirkelvormig/rond (1) (1 x 1) (1)
- 3.4.2 Die omliggende moerasse, gedreineerde grond en ryslande (1) (1 x 1) (1)
- 3.4.3 Sentraal geleë/middel van die stad (2) (1 x 2) (2)
- 3.4.4 Toeganklik (2)
 Minimaliseer afstand wat mens na die SSK toe hoef te reis (2)
 Minimaliseer reistyd (2)
 Bespaar op vervoerkostes (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)

- 3.4.5 SSK verloor estetiese/mooiheid aantrekkingskrag (2)
 Rondlopers dring die SSK binne (2)
 Bedelaars dring die SSK binne (2)
 Toename in misdaad (2)
 Toename in besoedeling (geraas/lug/omgewings) (2)
 Kliënte nie meer bereid om na die SSK toe te gaan nie (2)
 Verlies aan potensiële inkomste vir die SSK (2)
 Stedelike verval tree in (2)
 Daling van die eiendomswaardes (2)
[ENIGE VIER] (4 x 2) (8)
- 3.5 3.5.1 KwaZulu-Natal (1) (1 x 1) (1)
- 3.5.2 Goeie reënval deur die jaar verleng die groei seisoen (2)
 Warm temperature regdeur die jaar word benodig vir suikerriet om 'n hoë suikerinhoud te hê (2)
 Rypvrye gebiede wat nie die verbouing van suikerriet beperk nie (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 3.5.3 Hoë voorkoms van MIV het impak op produktiwiteit; werkers sterf jonk (2)
 Minder werkers a.g.v. landelik-stedelike migrasie (2)
 Boerdery op klein skaal (2)
 Lae salarisse (2)
 Dispute oor die gebruik van gemeenskaplike grond (2)
 Grondhervormingsaangeleenthede nog nie opgelos nie (2)
[Enige EEN] (1 x 2) (2)
- 3.5.4 Groei van sekondêre nywerhede (2) bv. konfyt, koeldranke (enige produk met suiker in) (2)
 Enige voorbeeld of dienste wat na suiker industrie verwys (2)
 Skep werk (2)
 Ontwikkeling en verbetering van infrastruktuur (2)
 Hoër direkte inkomste (uit suikerverwante produkte) (2)
 Verhoogde uitvoere (suikerverwante produkte) wat lei tot hoër inkomste (2)
 Beter lewensstandaard (2)
 Verhoogde Bruto Provinsiale Produk (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 3.5.5 Toegang tot hoofpad (2)
 Naby aan swaar grondstowwe (2)
 Naby aan water (2)
 Vervoernetwerke om goedere na die binnelandse mark te vervoer (2)
 Naby aan hawe vir uitvoer (2)
 Groot arbeidsmag beskikbaar (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)

3.6 3.6.1

Faktor	Ligte nywerhede	Swaar nywerhede
Arbeid	Klein werkersmag (1)	Groot werkersmag (1)
Tipe masjinerie	Klein (1)	Groot (1)
Hoeveelheid grondstowwe	Klein hoeveelhede (1)	Groot hoeveelhede (1)
Finale produk grootte	Klein (1)	Groot (1)
Tipe vervoer benodig	Hoofsaaklik padvervoer (1)	Hoofsaaklik spoor- en seevervoer (1)
Nabyheid aan mark	Moet naby aan mark wees (1)	Kan verder van mark wees (1)
Ligging in die stad	Naby aan stadskern (1)	Aan die buitewyke (1)
Besoedeling	Beperk (1)	Baie (1)
Bydrae tot die ekonomie	Kleiner bydrae (1)	Groter bydrae (1)
Ruimte benodig	Klein gebied	Groot gebied

[ENIGE EEN VERSKIL]

(2 x 1) (2)

3.6.2 (a) Suidwestelike Kaap (1)

(1 x 1) (1)

(b) Die meeste nywerhede het te doen met voedselverwerking (2)

Kleiner fabriek/minder masjinerie benodig (2)

Nie onverwerkte mineraalgebaseer nie (2)

[ENIGE EEN]

(1 x 2) (2)

3.6.3 Nywerheidsontwikkelingsones (NOS'e) (2)

Ruimtelike ontwikkelingsinisiatiewe (ROI'e) (2)

Spesiale Ontwikkelingsones (2)

Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) (2)

Versnelde en Gedeelde Groei-inisiatief vir Suid-Afrika (Accelerated and Shared Growth Initiated in South Africa (AsgiSA) (2)

[ENIGE EEN]

(1 x 2) (2)

3.6.4 Naby aan grondstowwe (2)

Ryk aan minerale of voorbeelde van minerale

Besikbaarheid van water (2)

Naby die energie hulpbronne/elektrisiteit (2)

Sterk arbeidsmag (2)

Groot geskoolde arbeidsmag (2)

Middelpunt van grootste tuisland (2)

Goeie skakels met ander streke in Suid-Afrika (2)

Goeie vervoernetwerke om goedere deur hawens uit te voer (2)

Goed ontwikkelde infrastruktuur (2)

Gunstige klimaat wat hoë produktiwiteit verhoog (2)

[ENIGE VIER]

(4 x 2) (8)

[75]

- 4.1 4.1.1 G (1)
- 4.1.2 F (1)
- 4.1.3 E (1)
- 4.1.4 B (1)
- 4.1.5 D (1)
- 4.1.6 A (1)
- 4.1.7 C (1) (7 x 1) (7)
- 4.2 4.2.1 primêre (1)
- 4.2.2 minder (1)
- 4.2.3 groot (1)
- 4.2.4 oostelike (1)
- 4.2.5 sekondêre (1)
- 4.2.6 hulpbron (1)
- 4.2.7 Noordwes (1)
- 4.2.8 Steenkool (1) (8 x 1) (8)
- 4.3 4.3.1 Die beweging van mense van landelike na stedelike gebiede toe (1)
[KONSEP] (1 x 1) (1)
- 4.3.2 Naweke: 1 246 (1)
Week: 27 (1) (2 x 1) (2)
- 4.3.3 Werksgeleenthede (2) Meer beskikbaar in stad; mense beweeg uit landelike nedersetting in die week (2)
Meer opvoedkundige instellings (2) Gesinne met kinders gaan tydens die week stad toe om toegang tot skole te hê (2)
Beter dienste (2) Mense wil nader aan dienste wees wat meer toeganklik in die stad is (2)
Diensverskeidenheid (2) Meer en groter verskeidenheid van dienste in die stad sou dit benodig word (2)
Beter veiligheid (2) Veiliger in stad as landelike gebied waar daar minder mense in die week is (2)
[ENIGE EEN. GEE TREKFAKTOR EN VERDUIDELIK DIE TREKFAKTOR]
(2 x 2) (4)

- 4.3.4 Minder dienste is beskikbaar (2)
 Beskikbare dienste gaan agteruit (2)
 Werkloosheid tree in (2)
 Lewenstandaard neem af (2)
 Armoede tree in (2)
 Munisipale dienste word nie meer onderhou nie (2)
 Landelike nedersettings het nie meer 'n aantrekkingskrag nie (2)
 Boerderyaktiwiteit stop (2)
 Produktiwiteit neem af (2)
 Dra by tot voedselonsekerheid (2)
 Bevolking verouder (2)
 Landelike nedersettings word spookdorpe (2)
 Stagneer ekonomies (2)
 Word onveilig (2)
[ENIGE FOUR] (4 x 2) (8)
- 4.4 4.4.1 'n Onbeplande (onwettig) nedersetting wat geen basiese dienste verskaf nie
 (1)
[KONSEP] (1 x 1) (1)
- 4.4.2 (a) Naby aan hoofpad (1)
 Beskikbare grond/ruimte (1) (2 x 1) (2)
- (b) Afhanklik van openbare vervoer (2)
 Naby aan werksplek om vervoerkoste na werk te verminder (2)
 Toeganklik tot werk (2)
[ENIGE TWEE] (1 x 2) (2)
- 4.4.3 Lugbesoedeling as gevolg van oop vure (2)
 Waterbesoedeling as gevolg van 'n tekort aan lopende water/
 rioolverwydering/onvoldoende dreineringsisteme (2)
 Omgewingbesoedeling omdat daar nie vloeiende afvalverwydering is nie (2)
 Onherroepbare omgewingsvernietiging/verwoesting omdat natuurlike
 verskynsels vernietig word (2)
 Gronderosie weens verwydering van bome/plantegroei (2)
 Nie esteties mooi nie (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 4.4.4 Huise naby aan mekaar (2)
 Tipe boumateriaal is hoogs vlambaar (2)
 Geen oop ruimtes om te verhoed dat vlamme versprei nie (2)
 Die gebruik van hoogs vlambare energie/brandstofbronne wat nie veilig
 gestoor word nie (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)

- 4.4.5 Nie esteties mooi nie (2)
Onhigiëniese toestande wat tot die verspreiding van siektes kan lei (2)
Oorbevolking plaas meer druk op infrastruktuur (2)
Onveilige geboustrukture (2)
Onwettige gebruik van elektrisiteit (2)
Duur om op te grader en basiese dienste te verskaf (2)
Om misdaad/kriminele aktiwiteite te verminder (2)
Moeilik om betaling vir dienste gelewer te ontvang (2)
Om uitgawes waarvoor daar nie begroot is nie, te vermy (2)
Verminderde grond wat beskikbaar is vir stedelike ontwikkeling (2)
Mense is nie bereid om in die plaaslike gebied te belê waar daar baie informele nedersettings is nie (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 4.5 4.5.1 Informeel (1) (1 x 1) (1)
- 4.5.2 Geen formele winkel nie (2)
Dryf handel op die sypaadjie (2)
Braai in die straat (2)
Gebruik basiese toerusting (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- 4.5.3 Sekere regulasies rondom voedselberging word nie nagekom nie (2)
Blootgestelde vleis voldoen nie aan gesondheidsvereistes nie (2)
Rommelstrooiing (2)
Oop vure is gevaarlik (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- 4.5.4 Al die wins gaan aan die verkoper (2)
Betaal nie (inkomste) belasting/Nie geregistreerde besigheid nie (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- 4.5.5 Gebrek aan werk in die formele sektor beteken dat mense werk in die informele sektor soek om te oorleef (2)
Groot aantal ongeskoolde/halfgeskoolde arbeiders in Suid-Afrika (2)
Groot aantal onwettige buitelanders wat nie werk kan kry nie (2)
Stagnering van nywerheidssektor in Suid-Afrika (2)
Natuurrampe laat mense boerdery verlaat en betree dan die informele sektor (2)
Verswakking in die ekonomie lei daartoe dat mense hulle werk verloor (2)
Landelik-stedelike migrasie/Instroming van mense in die stad in (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 4.5.6 Verskaf werk (2)
Om inkomste aan te vul (2)
Verlig armoede (2)
Verminder misdaad (2)
Verkoop goedere teen 'n laer prys (2)
Ondersteun tersiêre sektor, bv. toerisme (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)

- 4.6 4.6.1 Voedselsekerheid is om genoegsame **toegang** tot kos te hê om die bevolking te voed (1)
[KONSEP] (1 x 1) (1)
- 4.6.2 Voedselverskaffing aan die werksmag is goed vir ekonomiese groei (2)
Toekomstige generasies het toegang tot volhoubare kosvoorrade nodig (1)
Om ondervoeding, hongerte en hongersnood te verhoed (2)
Om goeie menslike gesondheid te verseker (2)
Om sosiale oproer te voorkom (2)
[ENIGE TWEE] (2 x 2) (4)
- 4.6.3 Groter inkomstes wat hulle help om kos te kan koop (2)
Toegang tot 'n verskeidenheid van winkels wat kos in stedelike gebiede verkoop (2)
Beter fasiliteite/tegnologie om kos te berg/verkoel vir langer periodes (2)
Natuurlike rampe beperk toegang tot voedsel in landelike gebiede (2)
[ENIGE EEN] (1 x 2) (2)
- 4.6.4 Verminderde oesopbrengs (2)
Swak grondtoestande verminder grondvrugbaarheid (2)
Versnelde gronderosie (2)
Verlies van lewende hawe en diere (2)
Gedwonge slag van lewende hawe en diere (2)
Vermindering in voedselproduksie (2)
Hoër koste van voedselproduksie (2)
Hongersnoodtoestande (2)
Ondervoeding (2)
Hoër voedselpryse (2)
Kosinvoere verhoog die prys van kos (2)
Minder toegang tot basiese kossoorte, soos mielies, sal swaar druk op armer lede van die gemeenskap (2)
Asgevolg van droogte is daar 'n afname in werksgeleenthede (2)
[ENIGE VIER] (4 x 2) (8)
[75]

GROOTTOTAAL: 225